Towerlantern Fotografie

# fotografienuus

mei 2024



**Herfslig**

Lensopening: f5,6;
Sluiterspoed: 1/8, 1/15, 1/40 sekonde;
Fokale lengte: 50 mm

Alle mense weet: sonder lig is niks moontlik nie. Meeste fotograwe weet dit ook. Nog minder mense let egter doelbewus op na lig.

Om as fotograaf rond te speel met lig, kan baie prettig wees en kan wonderlike foto's oplewer. Daar is vele variasies van lig: sonlig en maanlig, daglig en naglig, oggendlig en aandlig, lentelig en herfslig, ...

Ons is midde in die herfs – waar jy ookal in Suid-Afrika bly. Daarom maak ons ons fototema van die maand herfsfotografie, maar veral met die klem op lig. Laat hierdie uitgawe van Fotografienuus dus jou gemoed lig en belig. Pak jou kamera in en kom reis saam na Parys (Vrystaat en Frankryk). Ry in die besonder ook saam na Tanya Reeder wat net buite Potchefstroom bly en bekyk haar ligfoto's in ons mini-galery. Laat al hierdie dinge, en nog meer, jou inspireer tot hoër lig-hoogtes.

Johan

**Redakteur:** Johan de Klerk
**Bladuitleg:** Fransa van Colourcode Designs

*Wil jy graag 'n bydrae lewer tot Towerlantern se nuusbrief?*
*Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie.*
*Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.*

# voorbladfoto

Herfsfotografie is by baie fotograwe 'n gewilde foto-onderwerp. En dis te verstane want herfstonele is oor groot dele van die land maklik bereikbaar, én baie besonders. Die groot probleem egter, soos ook met Namakwalandse blomfoto's, is dat die fotograaf in "luiheid" kan verval. Bedœlende, ritse foto's word geneem vir die mooiheid. Dis reg so, maar probeer volgende keer wel ook om treffender foto's te neem.

Die voorbladfoto is in der waarheid nie 'n herfsfoto nie. Wat wel waar is, is dat dit in die herfs geneem is en dat dit, na na-verwerking, die herfsgevœl na vore bring. Dit word onder andere reggekry deur gebruik te maak van lig en water.

Laat hierdie kombinasie van die twee woorde "lig" en "water" jou sleutel wees tot sukses met baie van jou foto's; veral juis herfsfoto's.

Die voorbladfoto is met 'n standaard 18-55 mm Canon-lens geneem. Meer as drie foto's van presies dieselfde toneel is geneem, waaruit drie gekies is (met sluiterspœde van 1/8, 1/15 en 1/40 sekonde) vir verwerking met Photomatix. Hierdie proses staan ook bekend as 'n hoë dinamiese reiwydte-proses, afgekort 'n HDR-proses.

Indien jy navræ het oor die verwerking van foto's met behulp van Photomatix, is jy welkom om ons te kontak.

Kyk gerus ook na die volgende kort YouTube-video om te sien hœ so 'n verwerking gedœn word:
https://www.youtube.com/watch?v=p2QbHYb855w

# WAT IS *herfsfotografie?*

Eintlik moet die vraag wees: "Wat is seisoenfotografie?", want wat geld vir een seisoen geld dikwels net so vir 'n ander. En altyddeur moet die onderliggende uitgangspunt wees: lig ... lig ... lig.



Jare gelede was hierdie skrywer bevoorreg om tydens 'n kongres in Uppsala, Swede, vir een nag noordwaarts te vlieg na 'n dorpie Gällivare van waar die middernagson te sien sou wees. Ongelukkig was dit dié nag bewolk en die lig nie te goed nie. Die persoonlike uitdaging was om elke uur 'n foto te neem – dit was nog met 'n ten volle outomatiese filmkamera.

Soos wat die nag gevorder het, die son laer na die horison gesak het en die lig minder geword het, het ek foto's begin neem met waterweerkaatsings daarby as "ligbron". Sodoende was daar genoeg lig om deur die nag foto's te kon neem – dit het gewerk en só kon ek uurliks my foto kry, en dit ook nog sonder 'n driepoot! Die foto hierby is teen ongeveer 22:00 geneem.

Maak dus vriende met lig, en laat dié jou hulpbron wees. Omdat herfsfotografie so 'n algemene term is en so baie sake insluit, volstaan ons hier met 'n paar voorbeelde om jou gedagtes te prikkel: herfsbome, met sonlig as bo-beligting en agter-beligting; enkel-beligting van blare of blomme laatmiddag; landskappe met seisoenale plante, soos kosmosblomme of sonneblomme en nog baie meer. Bo alles: Hou lig altyd in gedagte.

*Towerlantern Fotografie*

# Seisœnfotografie

tema & wenke

Ons gee 'n paar algemene wenke vir seisœnfotografie; dis doodbekend, maar dit help om net weer daarop gewys te word:




Gebruik spesiale tegnieke, byvoorbeeld kamera-beweging om die atmosfeer van die seisœn, en nie die werklike toneel nie, na vore te bring. Die foto hierby gee 'n idee.

Leer om lig dop te hou; oggend en aand.
Maak die gordyne oop as jy opstaan,
dalk is daar net 'n trefferfoto wat staan en wag.

Wees bewus van seisœnale veranderings. In Potchefstroom is daar bome wat in Februarie (die tweede maand) al geel begin wys, en ander wat teen Julie (die sewende maand!) nog pragtige herfsblare aan het.

Let op weervoorspellings, veral as jy op reis gaan. Maak jou reg vir alle seisœne waarheen jy reis; jy ken die weers-gesteldheid immers nie.

Hou jou kamera voortdurend (byna) gereed. Die oggend kan stil en rustig wees, die middag waai jy met kamera en al weg!

Wees bedag op seisœne buite seisœne. Neem rypfoto's in die vroeë herfs of laat lente. Of moontlik sneeufoto's in die somer!

Beplan vooraf jou seisœnfotografie-sessie. Dink aan herfsbome vol blare teenoor kaal winterbome met blare oral op die grond.

# RIGLYNE VIR HERFSLIGFOTOGRAFIE

**VOORAF** Die klem by hierdie stel riglyne is herfslig. Soek dus na 'n herfstoneel met die samespel van kleur en sonlig. Vir hierdie riglyn-aanwysings kies ons 'n laatmiddag, sonverligte blommende struik. Kyk by die eerste foto by Foto-idees verderaan na so 'n toneel. Aanvaar vir hierdie riglyne jy het 'n onderwerp wat naby en stilstaande is. Gebruik beslis 'n driepoot.

### TIPE LENS
Gebruik enige tipe lens.

### FORMAAT
Enige formaat behoort goed te werk.

### ISO
Gebruik die laagste ISO-waarde, bv. 100.

### WITBALANS
Maak seker van die ligomstandigheid, waarskynlik sonlig, en stel die witbalans daarvolgens.

### FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING
Besluit op die beste trefpunt in die toneel en fokus daarop.

### LENSOPENING
Kies 'n groot lensopening, byvoorbeeld f4, om 'n klein velddiepte te gee, en dus 'n onskerp agtergrond.

### SLUITERSPOED
Verstel met behulp van die kamera se liniaal die sluiterspoed totdat die toneel goed belig is.

### FYN FOKUSSERING
Kontroleer tussendeur gereeld die fotoskerpte by die trefpunt.

**LAASTE WENK:** Neem 'n verskeidenheid foto's met slegs klein sluiterspoed-variasies en doen na-verwerking met Photomatix.

Towerlantern Fotografie
- mei 2024 -

# Die klein goedjies

– Josef Steyn, Stilbaai

In vorige uitgawes van Fotografienuus is daar gesels oor nabyfotografie. Ek was nog altyd lief vir nabyfotografie van klein goedjies. Die afgelope tyd het ek egter hierdie liefde 'n stap verder geneem en goedjies wat baie klein is begin afneem.

Ek gesels dus in hierdie en in 'n opvolgartikel oor dié saak. En ook daaroor om soveel detail as moontlik te verkry, veral met die afneem van die heel kleintjies. Ek het wel ook gou besef dat die kyker nie kan weet hoe klein die item is as jy nie ook 'n grootte-perspektief verskaf nie.


In hierdie en die volgende artikel beplan ek om te gesels oor:

- ✓ Toerusting en skuiffokus
- ✓ Perspektief in grootte
- ✓ Detail
- ✓ Agtergrond
- ✓ Lig

Die onderwerpe kan dikwels nie in aparte boksies geplaas word nie en oorvleuel meermale.

## Toerusting en skuiffokus

Ek gebruik 'n klein mik-en-druk kameratjie (Canon SX740HS). Dan verder ook 'n Canon R5, hoofsaaklik vanweë sy vermoë om die tegniek van skuiffokus te gebruik. Skuiffokus (Engels: *focus bracketing*) is 'n ingeboude tegniek by sommige van die nuwere kameras. Die tegniek behels dat meer as een foto van 'n toneel geneem word met verskillende fokusvlakke en dan in-kamera tot een enkele foto verwerk word.






## Perspektief in grootte

Vir die heel klein goedjies werk 'n vuurhoutjie goed om grootte aan te dui. Sonder die vuurhoutjie sou 'n mens nie 'n idee gehad het van hoe klein die blommetjies regtig is nie. Die twee stelle foto's hierby wys die idee, met (i) 'n vuurhoutjie-kop daarby, ter wille van skaal, en (ii) die gebruik van skuiffokus.

...vervolg op volgende bladsy





## Detail

By makrofotografie is die vasvang van die maksimum hœveelheid detail in die hoofvoorwerp (of gedeelte daarvan) van kardinale belang. By die foto links is dit heel maklik om die detail wat in die rekordfoto vertoon word met 'n mik-en-druk-kamera uit die hand te verkry. Vir werklike besondere fyn detail soos die foto regs is 'n meer gesofistikeerde tegniek egter nodig. Hier kan byvoorbeeld gedink word aan 'n kamera op 'n driepoot waar puntfokussering met die tegniek van skuiffokussering gedœn is.






Die stingeltjie in die volgende stel foto's lyk na sommer iets doodgewoon maar as 'n mens bietjie mœite dœn, sorg dat alles bewegingsvry is, die kamera stewig op 'n stewige driepoot geplaas is en skuiffokus gebruik word, word die wonderlike detail sigbaar.




Volgende keer gesels ons dan verder. Ons sal praat oor die rol wat agtergrond en lig speel.



# TEL OP JOU KAMERA: *Fotografie is goed vir jou gesondheid*

Soos musiek, kan fotografie ook gœd wees vir jou gesondheid. As jy dit nie glo nie, vra maar vir enige van ons ervare fotografie-studente.

In 'n artikel van Kim Simpson, getiteld *"Pick up your cameras: Photography is good for your health"* word hierdie spyker deeglik ingeslaan.

Ons gee 'n kort samevatting van hierdie artikel. Die volledige artikel is te lees by die skakel op die laaste bladsy.

Te midde van spanning en alles wat die daaglikse lewe meebring, kan fotografie groot verligting bring. Fotografie is meer as 'n stokperdjie of berœp, dit het ook terapeutiese waarde.

Die bron van jou spanning kan baie wyd wees, fotografie is daar. Dit kan 'n leënes-sindroom wees, dit kan herstel na 'n siekte wees of dit kan die afsterwe van 'n trœteldier wees, fotografie kan help!

Die wonderlike aspek van fotografie is dat dit tot gevolg het dat jy dinge om jou anders begin raaksien: Dit kan die herfs wees, dit kan teksture wees of dit kan jou omgewing wees. Dit kan bloot ook wees dat jy tot stilstand kom en om jou kyk.

'n Kamera kan tot gevolg hê dat jy plekke en oomblikke bereik waar jy nooit andersins by sou kom nie. Verder kan dit jou ook 'n nuwe dœl en mikpunt in die lewe gee.

Fotografie gaan jou nie noodwendig "gesond" maak nie, maar dit gaan jou beslis tot hoër hoogtes lei. Dus: As jy weer "af" of "gedaan" vœl, neem jou selfoon of kamera op en stap deur jou omgewing. Neem dœlbewus foto's van dinge wat jy nog nooit gedink het om af te neem – soos 'n klein plantjie in 'n baksteenmuur.

# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*



Towerlantern Fotografie
- mei 2024 -

Notre Dame de Paris in vlamme,
15 April 2019

# GAAN OP REIS
*saam met Towerlantern*

## ... na Parys



Die bedœling met ons opskrif is om dœlbewus dubbelsinnig te wees. Watter Parys word bedœl? Sou ons die Franse term "Paris" (natuurlik ook Engels, *Paris*) gebruik, word die saak mœiliker. Wikipedia gee behalwe die naam van die Franse hoofstad, 'n lange lys stede, dorpe, dorpies en streke met die naam *Paris*. Soms word dit ook gespel *París*. Daar is selfs 'n sogenœmde kleinplaneet met die naam 3317 Paris in die hemelruim.

Ons maak dit egter maklik – ons gaan jou beslis nie die hemelruim in neem nie! Die beplande tog neem jou, afhangende van jou kredietkaart, na ons eie Vrystaatse Parys en / of na Parys, die hoofstad van Frankryk. Soos reeds bekend is die bedœling van hierdie reeks om besondere fotogeleenthede onder jou aandag te bring.

Parys, Vrystaat



Parys is aanvanklik as 'n kerkplaas van die NG Kerk aangelê. Die NG Mœdergemeente is in 1884 gestig en die kerkgebou is beslis die mœite werd om af te neem.

Die eerste erwe is uitgemeet op die plaas Klipspruit wat aan die weduwee Davel en 4 Van Coller-brœrs behoort het. Die landmeter was 'n meneer Schilbach, 'n Duitse veteraan van die Frans-Pruisiese Oorlog (1870-1871). Hy het die naam Parys voorgestel want die plaaslike omgewing het hom baie herinner aan die Seine-rivier in Frankryk.

Behalwe allerlei winkels met baie interessanthede en restaurante met uiteenlopende kosse, bied die omgewing wonderlike fotogeleenthede. Ons stel Elize Odendaal, 'n fotograaf van Parys, aan die woord om te vertel van al die fotogeleenthede in en om die dorp.

Geleë op die walle van die Vaalrivier en omring deur die Vredefort Kœpel  bied Parys, die klein juweel van die Noord-Vrystaat, soveel fotogeleenthede aan ywerige fotograwe.

Ry mens die dorp van die noorde met die N1 binne is daar sommer heel aan die begin die pragtige *Parys Golf & Country Estate* met sy baie waterstrome en eilande wat die tuiste van 'n menigte voëlspesies is.




*Ou pompstasie, Parys*

Verder in die dorp kan jy die verlede vasvang met jou lens by *Pine's Antiques*. Net langsaan is die *Art and Soul* gebou met sy unieke kuns en kleure. Ry verder aan in Breëstraat en hou jou kamera reg. Kyk uit vir die Eiffel-toring, die ou karre by *Moments Square* en ook die unieke staalperd voor *Man van Staal* se winkel.

Draai af na Boomstraat se kant en die 1919 hangbrug gaan jou aangenaam verras. Ry verder aan tot by Egweni waar jy die mooiste foto's van die rivier kan neem.

Buite die dorp in die Vredefortkœpel is daar om elke hœk en draai fotogeleenthede. Van vistas tot sonsondergange oor die berge. Ou plaashuise met hartseerstories en pekanneutplantasies. Verseker is Parys jou volgende fotonaweek!

## Parys, Frankryk

Beplan jy 'n reis na die buiteland met vakansie en fotografie as eerste oorwegings, is dit 'n mœilike taak om te besluit waarheen om te gaan, en waarom, teen watter prys, ensovoorts. Ons help met een voorstel, naamlik Parys in Frankryk.

Hœwel daar honderde redes vir hierdie keuse gegee kan word, is daar egter twee baie belangrike sake wat gedurende

die tweede helfte van 2024 in Parys plaasvind, en wel die volgende:

- Die Olimpiese Spele van 2024 vind in Parys plaas vanaf 26 Julie tot 11 Augustus.
- Die heropening van die *Notre Dame de Paris* katedraal vind op 8 Desember 2024 plaas. 'n Groot deel van die gebou het 5 jaar gelede afgebrand, en binne 5 jaar het dit herrys tot sy vrœëre glorie.

Olimpiese Spele:
- ✓ https://en.wikipedia.org/wiki/2024_Summer_Olympics
- ✓ Video: https://t.ly/SutbZ

Notre Dame:
- ✓ https://en.wikipedia.org/wiki/Notre-Dame_de_Paris
- ✓ Video: https://t.ly/qg_Yx

## Olimpiese Spele

Ons gee enkele feite in verband met die saak "Olimpiese Spele", en in die besonder ook die komende spele:

- In die tyd van die ou Grieke was daar reeds geleenthede wat bekend gestaan het as "Olimpiese Spele".
- In die moderne tyd was die eerste Olimpiese Spele in 1896. Natuurlik het dit plaasgevind in Athene, Griekeland. Die herdenkingsgeleentheid daarvan was in 1996 en dis gehou in Atlanta, VSA.




- Die komende Olimpiese Spele staan amptelik bekend as die Spele van die XXXIII Olimpiade, of ook algemeen *Paris 2024*.
- Die Spele vind plaas in Parys en ander Franse stede waaronder Bordeaux, Lille, Marseille, Nantes en Nice. Een interessantheid is dat branderplankry (Engels: *surfing*) plaasvind in die dorp Teahupo'o, Tahiti, Frans Polinesië, Stille Oseaan.
- Die nuutste tœvœging tot die groot verskeidenheid sportsoorte is *breaking*, dink aan *break dance*. Die foto hiermee saam wys wat bedœl word. Kyk ook na die kort video by https://t.ly/bGJ7S



## Notre-Dame de Paris

Enkele feite oor die Notre dame de Paris:

- Die Notre-Dame de Paris, in Afrikaans "Ons Dame van Parys" is 'n katedraal in Parys, gebou op die eiland Île de la Cité in die Seinerivier.
- Bouwerk aan die gebou het begin in 1163 en die werk was grootliks afgehandel teen 1260.
- Deur die eeue is groot skade aan die gebou en inhoud aangerig, en gelukkig ook herstelwerk. Dink aan die Franse Revolusie en die twee Wêreldoorloë.
- Die katedraal word wyd beskou as die simbool van die stad Parys en die Franse volk.
- Op 15 April 2019 vind die groot brand plaas waarin 'n gedeelte van die Middeleeuse houtdak en sentrale houttorinkie verwoes word.
- Rekonstruksie van die gebou begin in 2021 en die hoop is dat die herstelwerk teen die einde van 2024 afgehandel sal wees met ingebruikneming op 8 Desember 2024.



## ons hoor graag van ons lesers

Dankie vir die maandelikse nuusbrief. Dit gaan partykeer sommer so "vanselfsprekend" verby. Ek weet dit is harde werk om die materiaal te versamel en dan te publiseer. Ek wil maar net sê, ek waardeer dit!

**JACO DU PLOOY, POTCHEFSTROOM**

# IKOON-FOTO'S

*Lunch atop a Skyscraper, 1932*



https://en.wikipedia.org/wiki/Lunch_atop_a_Skyscraper

**Lunch atop a Skyscraper** is a black-and-white photograph taken on September 20, 1932, of eleven ironworkers sitting on a steel beam 850 feet (260 meters) above the ground during construction of the RCA Building in Manhattan, New York City. It was arranged as a publicity stunt, part of a campaign promoting the skyscraper. The photograph was first published in October 1932 during the construction of Rockefeller Center.

The image is often misattributed to Lewis Hine, but the identity of the actual photographer remains unknown. Evidence emerged indicating it may have been taken by Charles C. Ebbets, but it was later found that other photographers had been present at the shoot as well. Many claims have been made regarding the identities of the men in the image, though only a few have been definitively identified. Ken Johnston, manager of the historic collections of Corbis, called the image "a piece of American history".

NUUS *vanaf Towerlantern*

# Towerlantern fotografiekursusse

Towerlantern Fotografie bied gereeld 'n verskeidenheid kursusse, plaaslik en aanlyn aan. Ons gee 'n opsomming daarvan:

- Beginnerskursus waarvoor jy niks vooraf hoef te weet nie en waarin jy die basiese beginsels van fotografie leer.
- Gevorderde kursus waarvoor jy 'n basiese kennis van jou kamera-funksies moet hê en dit in nog meer diepte wil beoefen.
- Spesialiskursus waarvoor jy jou kamera goed moet ken en baie praktiese oefening in kamera-werk gaan kry.

Al hierdie kursusse is tans, Mei 2024, slegs aanlyn beskikbaar. Ons beplan egter om DV aan die begin van die derde skoolkwartaal weer 'n beginnerskursus aan te bied. Die kursus bestaan uit 8 kontakgeleenthede en kos R1000 vir die hele kursus. Enigeen wat daarin belangstel, of wonder oor tye, tydsdure of toebehore, kan ons gerus kontak by die onderstaande e-posadres. Ons begin absoluut by die begin en jy sal jou kamera aan die einde van die kursus baie goed ken.



Daar is ook 'n selfoonkamerakursus beskikbaar. Dit is aanlyn beskikbaar en jy kan dus so gou as nou daarmee begin. Dit kan ook saam met die bogenoemde beginnerskursus gekombineer word. Die onkoste R500.

Doen gerus navraag by johan@towerlantern.co.za .

*Towerlantern Fotografie*
- mei 2024 -

# DIE MOOISTE MOOI

mooi



Hierdie foto is waarskynlik die kleurrykste foto wat jy in 'n lang tyd gesien het. Dit toon drie natuur-elemente saam in een foto, naamlik (i) die grœn-rooi-geel noorderlig in die middel, (ii) die Melkweg bo links en (iii) die oranje Bardarbunga-vulkaan in Ysland. Hierdie vulkaan is deel van die mees uitgebreide vulkaanstelsel in Ysland en strek oor 190 km.

Kykers se siening oor so 'n kleurvolle foto sal grootliks wissel. Sommige sal sê "Mœder natuur" is besonders of die "Natuur" is baie mooi. Ons by Towerlantern het egter 'n ander manier van stel, naamlik die "Skepping" is besonders, bedœlende die "Here se skepping is besonders".

Daarmee saam erken Christene ook dat die hand van die Here in alles is – die hele skepping, alle kleure. Hy onderhou en dra die lewe, dag vir dag, die hele heelal – van ons aarde verby die Melkweg tot by die verste waarneembare hemelliggame (tans die galaksie JADES-GS-z13-0), en dan nog verder. Sy grootheid kan geen mens peil nie. Waardeer die skepping met jou fotografie!

# OP INTERNET GESIEN




Laat jou foto die kyker vasvang! Die komposisie mœt so wees dat mens nie kan (of wil) wegkyk nie!
Die foto hierby is geneem deur Mark Buckler – die leeuwelpie is op pad om sy ma se stert aan te val! Kyk ook by: https://bucklerphoto.com/




Soms gebeur dit dat jy 'n foto "sien", maar die omstandighede daarvoor is net nie heeltemal reg nie. Hierdie foto het Kyle Gœtsch 8 jaar gevat om te neem! Hou jou oë oop vir sulke geleenthede! Die foto is geneem by Kalkbaai se hawe.
Kyk hier vir nog van sy foto's: https://www.facebook.com/kyleincpt/

# FOTO-*idees*


Idee 1: Gebruik sonlig en donker skadu's om treffende werke te skep.



*Towerlantern Fotografie*
- mei 2024 -

# FOTO-*idees*

Idee 2: Loop helder oordag (met sonlig as bo-beligting) deur jou omgewing en vang kleure vas.



# FOTO-*idees*

Idee 3: Dalk 'n koue laatherfsdag? Bly binnenshuis, gebruik sonlig en skep met glasware kleurvolle tonele.



# FOTO-*idees*

Idee 4: Wees gereed met jou kamera, selfs selfoon, om mooi wolkfoto's af te neem; lê klem op (herfs)lig.



# Mini-galery

Ons gee maandeliks aan ons lesers geleentheid om van hul beste foto's vir publikasie te stuur en om só iets van hul fotografie-belewenis met almal te deel.

Jy word dus hiermee uitgenooi. Ons stel die volgende as algemene riglyne:

- Stuur 10 van jou beste foto's in met grootte ongeveer ½ MB. Daaruit sal 'n keuse van tot 6 foto's vir publikasie gemaak word.
- Kies die foto's só dat dit ongeveer dieselfde tema het. Die tema kan wyd wees – daar is geen beperking op die fotomateriaal nie.
- Indien nodig, verkry skriftelik tœstemming vir die plasing van mensfoto's in Fotografienuus.
- Stuur 'n beskrywing van ongeveer 200-250 woorde oor enige aspek rakende die foto's of jou persoonlike belewing daarvan.

## MINI-GALERY VAN
## TANYA REEDER, POTCHEFSTROOM

Capturing a sunset always reminds me of the wonder of Creation. It allows you to focus on your inner feelings and brings a tranquillity to your soul.

Beauty in all its glory is a fascinating and enchanting fusion of colour and atmosphere. All sunsets differ from each other, and all are magical and splendid, a canvas created by God's own hands, teaching us to treasure the simple pleasures in life. Looking back on a photograph is a happy reminder of places been and wonderful things seen.



*Tanya Reeder*

Mini-galery



*Tanya Reeder*

*Mini-galery*



*Tanya Reeder*

Mini-galery



*Tanya Reeder*

Mini-galery



*Tanya Reeder*

Mini-galery



Tanya Reeder

Mini-galery



*Tanya Reeder*

Mini-galery

# VERWYSINGS EN BRONNE

**Fotografie is goed vir jou gesondheid**

- Artikel: https://t.ly/ev9pg

**Gaan op reis saam met Towerlantern**

- Notre dame, hooffoto: https://www.nbcnews.com/news/world/notre-dame-fire-what-was-damaged-n995371
- Parys, Vrystaat: https://monument-sa.co.za/parys-museum-parys-vrystaat/
- Olimpiese Spele, foto: https://t.ly/ee1eF
- Notre Dame, foto: https://t.ly/wG0ay

**Die mooiste mooi**

- Foto: https://t.ly/3vPYL